**HOOFSTUK 1: "So rol Katerien"**

1.1 Hoe pas die titel van die hoofstuk by die inhoud van die hoofstuk?

**Katerien ry op rolskaatse en maak haar knie en elmboog seer.**

1.2 Watter ander betekenisse kan die woord "rol" hê?

**Rolle/rolletjie (*s.nw*) (drama, TV, film)**

**Jy speel 'n rol in 'n TV-reeks wanneer jy 'n akteur is.**

1.3 Pas die woorde in die woordwolk by die woorde in die kolom onder die prentjie:

**1.3.1 Malmesbury**
**1.3.2 Warrelwindkind**
**1.3.3 suiwer hart**
**1.3.4 poegieryer**
**1.3.5 Moet die vakansie werk**
**1.3.6 Die jongste en luiste Joubert**
**1.3.7 Barbie en rokke**
**1.3.8 Aksie en spoed**

1.4 Dink jy dit is regverdig dat Katerien in graad 5 steeds nie 'n selfoon het nie?

**Leerder gee eie mening en 2 goeie redes**

1.5 Gebruik 'n ekstra werkboek of 'n vel papier. Lees die beskrywing en teken 'n prentjie van alles wat jy gelees het. Jy moet byskrifte maak van die vetgedrukte woorde in die teks.

**Leerder teken prent met byskrifte.**

1.6 Maak 'n WOORDESKATLYS op bladsy 118.

**Leerder maak woordeskatlys op bladsy 118, of op 'n vel papier.**

**HOOFSTUK 2: "'n Omelet wat ontplof"**

2.1 Soek in 'n ou tydskrif of op die internet na prente wat by elke hoofkarakter sal pas. Maak 'n karakterblad in jou boek of op jou vel papier. Maak seker dat die inligting in die kolom hieronder ook op jou karakterblad verskyn. Voeg ook jou eie inligting by.

**Leerder soek prente en maak eie karakterblad.**

2.2 Watter 2 foute het Stef, volgens Katerien?

**Keelknalle en hy is wintie.**

2.3 Watter voordeel is volgens Katerien daarin om 'n broer soos Stef te hê?

**Sy kan seunsgoeters saam met hom doen wanneer sommige van haar vriendinne miskien oor grimering of ouens begin gesels.**

2.4 Watter stokperdjie beoefen Pa Freek? (Katerien se pa)

**Tuinmaak (spesifiek 'n groentetuin/bonsai)**

**HOOFSTUK 3: "Stilte voor die storm"**

3.1 Verduidelik wat die titel van die hoofstuk beteken.

**Gewoonlik verwys die stilte voor 'n storm na 'n rustige tyd, voordat daar iets gebeur of verkeerd loop. Hier verwys dit na die tydperk voor die kinders besluit om self in die lugballon te ry. Hulle vlug word letterlik bemoeilik deur stormsterk winde wat later opsteek.**

3.2 Dink jy dit is regverdig dat Katerien haar broer 'n "oorversigtige bleeksiel" noem? Hoe sou jy reageer het as jou suster jou so genoem het?

**Leerder verskaf eie mening.**

3.3 Hoekom val Katerien se mond oop van verbasing na haar gesprek met haar pa?


**Katerien het verwag dat haar pa nie gaan instem dat hulle kan vlieg in die lugballon nie. Tot haar verbasing, stem hy in.**

3.4 Watter 2 belangrike instrumente was in Pa se rugsak?

**'n Kompas en 'n tweerigtingradio.**

**HOOFSTUK 4: "Sê nou net…"**

4.1 Die Joubert-kinders verskil hemelsbreed. Gebruik ’n Venn-diagram om die ooreenkomste en verskille tussen die twee kinders aan te dui. Kies uit die lys woorde onder die diagram.




STEF: seun, soet, versigtig, pliggie, oudste, slegte maniere, sarkasties
ALBEI: Slim
KATERIEN: nuuskierig, dogter, ondeund, impulsief, goeie spreker, gee om vir die natuur, jongste

**Leerder vul Venn-diagram in**

4.2 Watter vaardighede het Katerien alles by haar ouma geleer?

**Sy het Katerien geleer om haar verbeelding te gebruik – om na die see in skulpe te luister. Sy het haar geleer van slakresies, modderkoekies bak, rekspronge (speletjie met broekrek waar jy in en uit die rek spring). Sy het Katerien ook ’n liefde vir lees en stories geleer.**



Rekspring: Die speletjie wat Ouma vir Katerien geleer het.

4.3 Dink jy Katerien se ouma is ’n bok vir sports, of dink jy sy is onverantwoordelik? Motiveer jou antwoord met 3 goeie motiverings uit die hoofstuk.

**Onverantwoordelik: Ouma behoort as volwassene die kinders te probeer keer om self die lugballon te vlieg, maar sy moedig hulle aan deur aan te voer wie nie waag nie, sal nie wen nie! Sy noem ook dat hulle nie te veel moet dink nie, maar net moet doen, terwyl daar met ’n lugballon die gevaar is dat die ballon kan val en dat hulle baie seer kan kry. Die lugballon behoort ’n brandblusser, noodhulpkissie, lugvaartkaart en hoogtemeter te hê, maar Ouma neem net aan dis daar en sê bla-bla-bla as hulle kontroleer of alles in orde is om op te styg. In latere hoofstukke sien ons Ouma het nannies gesteel en drink dit, al is dit ongetoets op mense. Sy spring ook by die lugballon uit en los die kinders alleen agter wat hulle dwing om haar blindelings te volg**.

4.4 Watter toepassing (app) en webwerf het Stef ingespan om hulle te help?

**Youtube en die ChatGPT-app.**

**HOOFSTUK 5: "Oor skape, eende en hane"**

5.1 Hoekom, dink jy, het die hoofstuk so 'n snaakse naam?

**Die hoofstuk verwys na twee Franse broers in 1783 wat 'n groot papierballon met warm lug gevul het. Die passasiers was 'n skaap, 'n eend en 'n hoenderhaan.**

5.2 Waar bêre Ouma haar emmerskoplys?

**Binne-in haar kierie.**

5.3 Wat ruk Ouma uit haar bolla?

**'n Skerp potlood**

5.4 Stel jou eie top 10-emmerskoplysie op van dinge wat jy wil bereik voordat jy klaar is met die laerskool.

**Leerders stel enige lysie op. Onderwysers kan hierdie aktiwiteit in 'n onvoorbereide mondeling-aktiwiteit omskep.**

5.5 Ken jy enige ander idiome wat dieselfde beteken as om die emmer te skop?

**Die lepel in die dak steek.**

**Bokveld toe gaan.**

**HOOFSTUK 6:** “**Moenie dink nie – doen net”**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

*1. Ek loer oor Stef se skouer. Hy tik weer: How to avoid turbulence or thermals. Volgens sy foon is dit nou amper tienuur.*

*2. Hy lees hardop terwyl hy die skerm probeer stil hou: “If you experience any turbulence, land as soon as possible.” “Hoe de dinges laat land mens die ding?” skree hy benoud.*

*3. Ek hou van die aksie, maar Stef begin nou vir my soos ’n meisie klink. ’n Histeriese meisie. Ek sal moet ingryp.“Bly kalm. As ’n haan, ’n skaap en ’n eend so ’n ding veilig kon laat land, kan ons ook,” stel ek hom gerus.*

*4. Krummel gee opgewonde blaffies en sy ore wapper in die wind waar hy steeds op sy agterpote staan. Tot sy wange flapper dat die kwyl spat, en ons sien net tande soos hy glimlag. Hy’s duidelik te dof om die gevaar in die situasie raak te sien, maar ek vermoed ons is in die moeilikheid.*

*5. Krummel moet ook seker snuf in die neus kry, want die volgende oomblik gaan sit hy pens en pootjies op Ouma se skoot. Hy bewe so groot soos hy is.*

*6. Dan, meteens, is alles weer doodstil. Ons hang bewegingloos in die lug en slaak ’n sug van verligting. Ouma neem haar kans waar. “Toemaar, hartjies, ek het ’n plan.*

6.1 Wie vertel die storie in die uittreksel?

**Katerien**

6.2 Gee 3 bewyse uit paragraaf 4 dat die wind baie sterk waai.

**Krummel se ore wapper in die wind en sy wange flapper. Die kwyl waai uit sy bek uit, so erg waai die wind.**

6.3 Dink Katerien dat Krummel ’n slim hond is? Motiveer jou antwoord uit paragraaf 4.

**Nee, sy beskryf hom as “dof”, wat beteken dat hy dom is en sy noem dat hy duidelik nie besef dat hulle in die moeilikheid is nie.**

6.4 Verduidelik hoe Ouma se plan in paragraaf 6 by die titel van die hoofstuk aansluit?

**Ouma besluit om nannies te sluk en dan uit die lugballon te spring en op die vliegtuig te land. Ouma dink nie na oor alles wat verkeerd kan loop nie. Dit sluit aan by die naam van die hoofstuk wat “Moenie dink nie- doen net” is.**

6.5 Waar het Ouma die nannies gekry?

**Sy het dit by haar dogter geneem.**

**HOOFSTUK 7: "Klein, kleiner, kleinste"**

7.1 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:

> *Sy klouter al teen die mandjie op tot bo teen die rand. Dan hou sy 'n pleister bokant haar kop soos 'n valskerm. En daar spring sy!*
>
> *"Neeeee, Ouma-a-a-aaa!"*

7.1.1 Wie het by die lugballon uitgespring?

**Ouma**

7.1.2 Hoekom het die persoon by die lugballon uitgespring?

**Ouma sien 'n vliegtuig wat op pad Mosambiek toe is. Nommer 7 op haar emmerskoplys is om saam met dolfyne te swem en sy glo dat sy dit in Mosambiek gaan kan doen. Sonder om te dink, drink sy die nannies en spring by die lugballon uit met net die pleister as 'n valskerm in die hoop om op die vliegtuig te land en om na Mosambiek te vlieg en haar droom waar te maak om saam met dolfyne te swem.**

7.1.3 Wie se direkte woorde word in die uittreksel gebruik?

**Katerien (of albei kinders)**

7.1.4 Watter emosie ervaar die persoon?

**Vrees en frustrasie.**

7.1.5 Hoekom word die woorde "Neeeee, Ouma-a-a-aaa!" so groot uitgerek en in vetdruk gedruk?

**Die uitroep is groter as die res van die teks gedruk en dit is in vetdruk. Boonop is daar ook 'n uitroepteken en uitgerekte vokale wat alles beklemtoon dat die persoon kliphard gil.**

7.2 Watter karakter, dink jy, tree as 'n slegte invloed in die hoofstuk op?

**Ouma**

7.3 Wat sou jy doen as jy in die kinders se skoene was?

**Leerder se eie mening.**

**HOOFSTUK 8: “Soos ’n gogga teen ’n ruit.”**

8.1 Waarvoor het die kinders die emmerskoplys en pleisters gebruik?

**Die emmerskoplys dien as hulle valskerm en die pleisters is om die papier mee te heg, indien dit nodig sou wees.**

8.2 Wat verloor Ouma tydens die vlug en watter invloed het dit op haar spraak?

**Ouma verloor haar valstande en praat met ’n lispel/sleeptong, omdat sy nie tande het nie.**

8.3 Hoekom is dit so belangrik dat die kinders die Nano B’s ook moet drink?

**Indien hulle nie binne 12 ure nadat die Nano A’s gedrink is, die Nano B’s drink nie, sal hulle vir ewig blou wees.**

8.4 Hoeveel tyd het die kinders om die Nano B’s te drink?

**12 ure nadat Nano A’s gedrink is.**

8.5 Verduidelik hoe ’n bonsai-potlood lyk.

**Dit is ’n baie klein potlood wat in Ouma se bolla pas.**

8.6 Dink jy regtig dat CNN na die kinders sou soek? Motiveer jou antwoord?

**Nee, CNN is ’n Amerikaanse nuusstasie en sal nie sommer ’n storie oor 2 vermiste kinders en hulle ouma na minder as 24 uur wat hulle weg is, uitsaai nie.**

8.7 Watter straf vermoed Katerien gaan hulle by die huis kry?

**Sy dink dat hulle gehok sal word en geen sakgeld sal ontvang nie.**

**HOOFSTUK 9: "Ons nuwe normaal"**

9.1 In watter land bevind die kinders en Ouma-hulle?

**In Mosambiek.**

9.2 Watter drie produkte is agter op die trokkie waarin hulle klim?

**Katoen, suikkerriet en tabakblare. (of grondboontjies)**

9.3 Waaraan proe hulle terwyl hulle in die trokkie ry?

**Grondboontjies**

9.4 Watter karakter is jou gunsteling? Motiveer jou antwoord.

**Leerder se eie mening**

9.5 Wat is "peanut butter" in Afrikaans?

**Grondboontjiebotter**

**HOOFSTUK 10: "Soort van 'n seevakansie"**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:

> *1. Ek hoor seemeeue. Dit ruik soos vakansie. Ons spring vinnig af voor die bestuurder ons sien. Stef tel sommer vir Ouma af asof sy 'n klein dogtertjie is.*
>
> *2. Voor ons lê 'n uitgestrekte spierwit strand met turkooisblou water wat daarop uitspoel. Branders klots teen die rotse en die seemeeue skinder opgewonde oor die dag se gebeure. "Ponta do Ouro," lees ek op 'n bordjie, maar of ek dit reg uitspreek, weet ek nie.*
>
> *3. Ek rol weer my sweetpakbroek op. Krummel is reeds besig om aan iets te kou op die strand. Ek stap na hom toe. En vat net betyds 'n swart leerbeursie by hom af. Die ene hondekwyl en seesand! Gagga!*

10.1 Hoe dink jy ruik vakansie vir Katerien?

**Die souterige reuk van die see, sonbrandmiddel en dalk iets soos die soet reuk van vrugte of roomys herinner Katerien aan vakansies by die see.**

10.2 Watter item vind Krummel op die strand?

**'n Beursie**

10.3 Aan wie behoort die beursie?

**Oom Jan**

10.4 Wat is alles in die beursie en hoekom besluite Katerien om dit terug te gee?

**'n ID-dokument, besigheidskaartjies en geld (meticals)**

10.5 Sou jy die beursie se eienaar gesoek het? Motiveer jou antwoord.

**Leerder se eie mening**

**HOOFSTUK 11: "Meerminne en dolfynne"**

11.1 Wat is 'n "tween" volgens Katerien?

**'n Persoon tussen 9-12 wat nog nie 'n volwaardige tiener is nie, maar nie heeltemal meer 'n klein kind is nie.**

11.2 Hoekom verwys die oom na Ouma as 'n "jong dame"? Hou sy daarvan?

**Die oom is dieselfde ouederdom as ouma en probeer haar vly, want hy dink duidelik sy is aantreklik. Ouma glimlag baie breed wat daarop dui dat sy die aandag geniet.**

11.3 Hoekom het Katerien en Stef nie die polisie dadelik gevra om hulle ouers te kontak nie?

**Hulle het reeds so ver gekom en Ouma wou nog saam met die dolfyne swem. Indien hulle nou hulle ouers sou kontak, sou Ouma nie die kans kry om saam met die dolfyne te swem nie en hulle was in elke geval reeds diep in die moeilikheid, so om nog 'n paar ure te wag, sou nie skade doen nie.**

11.4 Hoekom word *Free Willy* op bl. 32 kursief gedruk?

**Dit is die naam van 'n fliek en dit is in 'n ander taal.**

11.5 Wie is Dauphine en hoe lyk haar hare?

**Sy is 'n kamma-meermin wat by kinderpartytjies optree, en oom Jan se suster.**

**Sy het hare soos Elsa in *Frozen*.**

**HOOFSTUK 12: "Huiswaarts"**

12.1 Watter afleidings het die vlieënier oor ouma-hulle gemaak?

**Hy het waarskynlik gedink dat hulle moeilikheidmakers is, wat gedeporteer word, omdat hulle sonder die regte reisdokumentasie in 'n ander land is.**

12.2 Waar kruip Krummel weg?

**Agter 'n rots**

12.3 Hoekom kry Krummel 'n kalmeerpil vir die vlug?

**Diere is gewoonlik bang vir vlieg en die geraas wat die helikopter maak, kon dalk vir Krummel te erg wees. Die pil sal die vlug vir hom en almal om hom makliker maak.**

12.4 Dink jy die vlug se nommer is regtig 007? Watter ander verhaal het ook 'n 007-kode?

**Dis net te toevallig. 007 is die bekende kode vir James Bond wat 'n geheime agent is en op allerhande avonture gaan.**

**HOOFSTUK 13: "Hier kom moeilikheid"**

13.1 Watter straf kry Stef en Katerien? Dink jy dit is regverdig? Motiveer.

**Hulle sakgeld word weggevat. Stef verloor sy selfoon en Katerien mag geen vriende in die week sien nie.**

**Nee, dis onregverdig, want hulle is nog minderjarig en Ouma is die volwassene wat verantwoordelik behoort op te tree, maar sy kom skotvry weg daarmee.**

**Of: Ja, hulle verdien dit om gestraf te word, want daar is gevolge vir slegte besluite.**

13.2 Dink jy 'n *tween* sal regtig 'n Taylor Swift-konsert wil bywoon? Motiveer.

**Leerder se eie mening.**

13.3 Wie is jou gunstelingsanger-(es) of musiekgroep? Hoekom hou jy van hulle?

**Leerder se eie mening.**

13.4 Hoekom is die kinders so gespanne toe Ouma nie kry waarna sy soek nie?

**Ouma soek die blou nannie – as sy dit nie kry nie, gaan hulle vir ewig blou wees.**

13.5 Waar vind Ouma uiteindelik die blou lekkertjies?

**In haar voorskoot se sak.**

**HOOFSTUK 14: “Tuis”**

14.1 Hoekom dink Katerien kan sy nie vir haar ouers vertel wat gebeur het nie?

**Sy dink nie hulle sal haar glo nie. Die waarheid is so vreemd dat hulle gaan dink sy maak stories op.**

14.2 Hoe lank was die kinders en Ouma weg?

**Hulle het die oggend in die lugballon geklim en was basies die hele dag weg. Hulle is gered deur die helikopter wat hulle teen die aand terug by die huis besorg het.**

14.3 Hoekom is Ouma se bestuurderslisensie afgeneem?

**Sy het te wild gery en ’n Checkers Sixty60 man van sy motorfiets afgery. Toe het sy haar lisensie verloor.**

14.4 Skryf net die woorde neer wat Ouma nié beskryf nie:

| | | |
|---|---|---|
| onverantwoordelik | bedagsaam | avontuurlustig |
| **kinderagtig** | impulsief | waaghalsig |
| **skaam** | **eerlik** | **selfsugtig** |

**Ouma is nie kinderagtig NIE (wel kinderlik), skaam, eerlik of selfsugtig NIE.**

**HOOFSTUK 15: "Kan oumense ooit nog soen?"**

Lees die beskrywings op bl. 87 van hoe Ouma haarself aantrek en mooimaak.

15.1. Waarmee vergelyk Katerien haar Ouma se toppie?

**Met haar Typo-potloodsakkie.**

15.2 Hoe beskryf Katerien Ouma se mond op bl. 88 wanneer sy dit vir oom Jan pruil?

**Sy beskryf dit as 'n *eendbekkie.***

15.3 Wat soek die kinders in Ouma se woonstel terwyl sy gaan dans?

**Die orige Nano A's en Nano B's.**

15.4 Wat is die kinders se plan indien hulle sou kry wat hulle soek?

**Hulle wil hulleself krimp en gaan spioeneer by die skool.**

**HOOFSTUK 16: "Terug skool toe"**

16.1 Hoekom dink jy is die juffrou se bynaam "Oepsedaisy"?

**Sy sê waarskynlik die woord "oepsedaisy" as sy 'n foutjie maak. Dis 'n ongewone woord en die kinders dink waarskynlik aan haar as hulle die woord hoor.**

16.2 Dink jy Ouma gee goeie raad in haar brief? Motiveer jou antwoord.

**Ja, sy wil Katerien aanmoedig om op 'n verantwoordelike manier tog pret saam met haar broer te hê.**

**Nee, Katerien weet nog nie altyd wat die gevolge van haar dade is nie en hierdie raad kan haar waarskynlik weer in groot moeilikheid laat beland.**

16.3 In wie se penneblikkie is die Nano B?

**In Stef s'n**

16.5 Maak 'n lysie van goeie dinge waarvoor nannies gebruik kan word.

**Leerder se eie mening.**

16.6 Waarvoor sou jy nannies gebruik as jy kon?

**Leerder se eie mening.**